

Preek:

1.

Broers en susters, kinders.

Waaraan dink julle as ek sou sê “in die ou dae”. Ons is mos baie lief om te sê “in die ou dae”. In die ou dae het dit of dat gebeur – kyk net hoe verskil dit met vandag.

Ek het presies die selfde vraag Woensdag oggend aan die Bybelstudie groep gevra. En hulle het geantwoord dat:

- *Kinders* in die ou dae in die aand buite kon loop. Sonder vrees kon kinders fiets ry in die strate. Kinders kon speel waar hulle wil en ouers het nie vir een oomblik gewonder oor hul kinders se veiligheid nie. Is dit nie so nie?
- Ons sal sê: In die ou dae was daar *werk*. Almal kon ’n lewe maak en kos op die tafel sit. Nou sit miljoene mense sonder werk – wit en swart.
- In die ou dae was gesinne meer geheg aan mekaar. Daar was nie so baie gebroke gesinne soos vandag nie. Mense het nie geskei nie en kinders het respek vir hulle ouers gehad.
- As dit by die *kerk en geloof* kom sal ons sê: In die ou dae het mense nog geglo. Hulle het hul Bybel gelees en kerk toe gegaan. Kyk net hoe lyk dit nou – die kerk staan leeg.

Gemeente, is dit nie waar nie? Elkeen van ons praat so op een of ander stadium.

In die week wat verby is, het ek nagedink oor die sinnetjie “in die ou dae”. Hoekom is ons so lief om dit te sê?

Is dit omdat ons vas glo dat die ou dae beter was as vandag? Is dit maar net die Afrikaner se gewoonte om so te praat? Of lê die antwoord op 'n ander plek te vinde?

Ek dink dat wanneer dit in ons lewens swaar gaan. Wanneer ons kinders seer kry, of wanneer daar nie werk is nie, wanneer gesinne verskeur word en wanneer geloof om ons en in ons wegkwyn **gryp ons terug na die verlede.**

Sodra vandag ondraaglik word begin ons in gister leef. Sodra die hede niks meer vir ons inhou nie, dan sê ons *“maar in die ou dae het dit so goed gegaan”*.

Om so te praat is natuurlik nie verkeerd nie. Die verlede gee juis vir ons die insig en wysheid waarmee ons vandag mee kan aanpak. Die goeie dae van die verlede gee juis vir ons die hoop en die vertrouwe dat vandag ook goed kan wees en dat more ook die belofte van geluk kan inhou.

Blaai ons deur die Ou Testament sien ons dat die ou Jode baie van die verlede gemaak het.

- Deurgaans het hulle na die verlede en groot gebeure in die volk se geskiedenis terug gegryp.
- Want daar het hulle God se hand in hierdie wêreld raak gesien.
- In die verlede vind hulle die bewys van God se liefde, van sy almag en sy voorsienigheid.
- Deur na die verlede te kyk, en God raak te sien, kry hulle weer krag vir vandag.

Dit gebeur egter nie altyd nie.

Soms gebeur dit dat ons vasval in die verlede. Ons vergeet van vandag en more het geen waarde nie want hartseer en pyn en selfs die dood is ons voorland. Wanneer ons op die wyse in die verlede vasval hoor ons nie meer mense sê *“vandag is pragtig”* of *“more sal wonderlik wees nie”*. Nee. Al wat ons hoor is *“in die goeie ou dae”*.

Dan kry ons nie meer hoop in die verlede vir vandag en more nie. ***Nee, dan begin ons in die verlede skuil van hierdie aaklige wêreld en van 'n toekoms wat geen hoop vir ons in hou nie.***

2.

Dit is presies wat met Israel gebeur tydens hulle uittog uit Egipte.

Hier vind ons 'n groep mense, wat soos ons hulself in 'n ongenaakbare wêreld vind. Hulle het sopas uit Egipte getrek. Of dalk moet ons eerder sê “gevlug”. Sopas het hulle uit Egipte gevlug.

Met min of geen besittings is hulle deur die rooi see die woestyn in. Met feitlik geen kos en water worstel hulle voort in die woestyn sonder einde. Daar is vir hulle geen hoop op oorlewing nie. Van agter word hulle deur Egipte bedreig en voor hulle lê die harde, lewelose woestyn.

Wat vir ons so algemeen is. Wat vir ons so volop is. Wat vir ons net die draai van 'n kraan weg is – water – was die mense se grootste behoefte. Iets so eenvoudig en nietig soos water het hulle nie.

Ek wonder wie van ons was al werklik dors. Dat ons alles sal veruil vir 'n slukkie water. Hierdie mense het elke dag so gevoel.

3.

In hierdie ondraaglike situasie gryp hulle dan terug na die verlede. Hulle maak presies soos ons. Wanneer ons gekonfronteer word met 'n ondraaglike hede hou ons aan die goeie ou dae vas.

Ongelukkig kyk hulle nie terug om God se ingrepe in hulle lewens raak te sien nie. Hulle sien nie die wonders van die 10 plae en die tog deur die rooi see raak nie. Hulle onthou nie die kwartels en die manna nie. Nee. Al wat hulle onthou, is die vleispotte van Egipte.

Hulle vind nie krag in die verlede vir vandag en more nie. Nee, hulle skuil in die verlede van 'n werklikheid waarvoor hulle nie kans sien nie. Tydens die uittog uit

Egipte verloor hulle sig van die beloofde land en verlang hulle terug na hulle slawe-bestaan in Egipte.

4.

Hierdie emosies waarmee die volk worstel kom tot kookpunt in die teksgedeelte wat ons vandag gelees het. Hulle is dors en ontnugter. Waar hulle 'n land van melk en heuning verbeel het, vind hulle slegs woestyn en 'n stryd vir oorlewing.

En kyk net hoe hanteer die volk hierdie ontnugtering. Die teks sê dat die volk “rusie” met Moses gemaak het. Lees ons die Hebreeus staan daar dat hulle Moses “dagvaar”. Hulle wissel nie net 'n paar harde woorde nie, hulle dagvaar hom. En omdat Moses God verteenwoordig binne daardie werelddeskouing word God ook per implikasie gedagvaar.

Die is so 'n ernstige situasie dat Moses selfs vir sy lewe vrees. Hy is bang die mense gooi hom met klippe dood.

Verbeel net hierdie situasie. Die hele volk het teen Moses opgetrek. Met stokke en klippe in hul hande maak hulle rusie met hom. Hulle dagvaar hom. En die klag wat hulle teen hom bring vind ons in vers 3. Hulle sê vir hom: *“Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom.”*

Eintlik sê hulle aan Moses:

- Ons twyfel in jou leierskap - jy het slegte oordeel aan die dag gelê.
- Waar is God nou? Het God van ons vergeet?
- Wat hulle eintlik vir Moses sê is dat Egipte beter was as hierdie woestyn waarin hulle hulself bevind.

Hulle sê eintlik aan Moses: *“In die goeie ou dae, in Egipte, het ons te minste kos gehad, ons kinders en vee kon te minste leef. Ons sien nie kans vir hierdie harde wêreld nie, hierdie hede, wat nog van more. Ons gaan sterf in die woestyn”.*

5.

Gemeente. Kyk net hoe Moses optree binne hierdie lewensgevaarlike situasie.

- Hy beraam nie plannetjies op sy eie nie.
- Hy oorweeg nie om sy leierskap op te sê nie.
- Hy vlug nie.
- Hy gee nie goedkoop antwoorde nie.

Hy doen niks van die aard nie. Wat doen hy? Hy bid. Hy vra vir God *“Wat moet ek met hierdie volk aanvang.”* Hy probeer nie om die antwoord op sy eie te vind nie. Nee, hy besef dat dit God se volk is en God se uittog. Hy besef dat hy slegs met God se hulp ’n uitweg kan vind. Hy besef, en hy glo dat God nie net vir hom sal red nie, maar ook die volk.

Hoe maklik is dit nie om op self staat te maak wanneer dinge swaar gaan nie. Maar kyk net - Die volk staan al met klippe in hul hande. Binne die situasie vertrou hy op God. Hy bid en smeeke by God. Hy vra dat God die pad vorentoe moet oopmaak.

6.

En wat sê God vir hom? God sê: *“Loop voor die volk verby en neem van die leiers van Israel saam. Wat ook die kiere waarmee jy op die Nyl se water geslaan het, en stap vooruit. Ek sal daar reg voor jou op die rots by Horeb staan. Dan moet jy teen die rots slaan, en daar sal water uitloop vir die volk om te drink.”*

Wat ’n ongelooflike boodskap:

- God hoor Moses se gebed aan. God staan nie apaties en koud teenoor Moses nie. Hy luister en Hy gryp binne die situasie in. Waar Moses geen uitweg sien nie, dui God vir hom die pad aan.
- Maar terselfdertyd vra God dat Moses op God moet vertrou. God sê dat hy voor die volk verby moet loop. Daar waar almal hom kan sien. Hy moet ook van die leiers van die volk saam met hom neem. Met ander woorde - Moses moet vertrou dat God hom sal beskerm. Hier waar die volk reeds met klippe in die hand staan moet hy vertrou dat God geen kwaad oor hom sal laat kom nie.
- Maar God sê ook vir Moses: Vat die kiere saam waarmee ek alreeds magtige wonders verrig het. Dus - God sê eintlik vir Moses dat hy terug moet kyk en

God se magtige daad moet onthou. Dink hy terug aan die groot gebeurte sal hy weer opnuut besef dat God in die verlede voorsien het, en daarom sal hy ook vandag voorsien.

- Maar die heel belangrikste boodskap wat ons in God se woorde vind (en dit is ook vandag se tema) is die belofte wat God aan Moses maak. Wat belowe God aan Moses? God sê: **“Ek SAL reg VOOR jou op die rots van Horeb staan.”**

God hoor nie net Moses se smeekgebede nie, God vra nie net dat Moses op Hom moet vertrou nie, en God herinner Moses nie net aan die verlede en sy magtige wonders nie. God verseker ook Moses dat Hy nie net in die verlede is nie, maar hy is ook nou hier. **En hy SAL ook in die toekoms vir hom en die volk wag.**

Wat 'n ongelooflike boodskap. God het reeds die volk en Moses se pad vir hulle vooruitgestap. God wag reeds vir hulle in die toekoms. Te midde hierdie aaklige omstandighede waarbinne die mense hulself vind, sonder water in die woestyn, sê God vir hulle: *“moenie vrees nie, vertrou op my, dink terug aan die verlede, en weet ek wag reeds in die toekoms vir julle, en Ek het die water wat lewe gee.”*

- En eweskielik besef die volk en Moses dat hulle nie net kan praat van die “goeie ou dae” nie.
- Eweskielik besef hulle dat hulle ook kan sê: *“vandag is pragtig, ons is geseën”* want God loop met ons.
- Eweskielik besef hulle dat hulle kan sê *“more hou die belofte van geluk vir ons in”* want God het reeds hierdie pad van ons vooruit gestap - hy wag alreeds vir ons.

7.

Gemeente.

Kom ons maak hierdie boodskap op ons van toepassing, ons wat so lief is om te sê: *“in die goeie ou dae.”*

Soos Israel is ons ook maar soms verlore in 'n woestyn met geen water in sig nie. Ons woestyn is die lewe – hierdie harde ongenaakbare wêreld waarbinne ons leef.

- En die water wat ons kort en na smag is miskien gesondheid.
- Miskien is dit 'n inkomste, net genoeg om van te lewe.
- Miskien is dit vir jou 'n gesin waar almal vir mekaar lief is, waar almal vir mekaar omgee en vir mekaar sorg.
- Miskien is dit vir jou sekereheid in jou geloofslawe - dit is waarna jy dors.
- Miskien is dit maar iets so eenvoudig soos geluk.

Waarna jy ook al smag, die teks vertel ons dat ons nie in die “goeie ou dae” moet skuil nie. Dit is in elke geval die verlede, ons sal dit nooit weer terug kry nie. Ons moet eerder bid en op God vertrou, Hy sal die uitweg vir ons gee, Hy sal die pad vir ons aandui. En ons moet altyd onthou, en dit is die belangrikste, **God wag vir elkeen van ons.** Hy het reeds die pad vir ons vooruit gestap. Hy sit vir elkeen van ons en wag by die klip van Horeb, en by hom is die lewendige water te vinde.

8.

Blaai ons deur die Nuwe Testament vind ons presies die selfde gedagte. Jesus wag nou vir ons aan die kruis op Golgota. Of eerder – Jesus wag nou vir ons langs die oop graf.

Dit is nie net iets wat in die goeie ou dae gebeur het nie.

- Elke keer as ons God beleef,
- elke keer as ons Hom in sy Woord ontdek,
- elke keer as ons Hom in ons mede mens sien,
- elke keer as ons na Sy skepping kyk,
- ontdek ons weer die opgestane Heer.

Jesus het reeds die pad van die sonde en die dood vir ons vooruit geloop. Hy is nie net in ons verlede nie, Hy is nie net hier by ons nie, maar Hy wag ook vir elkeen van ons in die toekoms. Hy sê vir ons: “Kom, volg my, ek wag vir jou”.

En hierdie wete - dat Jesus ook vir ons wag - verander ons hele lewe. Want nou weet ons dat vandag ook mooi kan wees, en nou weet ons dat more (al is dit onseker

en gevul met angs) die belofte van geluk inhou. Want Jesus is reeds daar. Met sy arms oop wag hy op elkeen van ons.

9.

Broers en susters. Ek kan nou hier afsluit, maar ek wil net 'n voorbeeld vir julle voorhou om die gedagte kristalhelder te maak.

Wie van julle het al ooit in die middestad van Johannesburg verdaal? Ek het. Dit is uiters onaangenaam. Jy is gespanne. Jy stol die moter by elke robot. Verward kyk jy om jou sonder om enigiets werklik raak te sien. Heeltyd kyk jy in jou truspieëltjie na die naamborde met die paaie se name op. Jy vra jouself af, het ek die regte besluit geneem, het ek die regte afdraai geneem.

Verbeel jouself nou dat jy presies weet waarheen jy gaan. Jou bestemming is duidelik in jou geestesoog. Dan kan die motorrit plesierig wees. Jy kyk om jou en jy beleef die mooi omgewig. Jy luister radio en kuier met jou man of vrou. Sonder angs en vrees kyk jy voor op die pad (na die toekoms), en net so af toe kyk jy in jou truspieëltjie, net vir veiligheid.

So is dit ook met die lewe. Sodra ons vergeet van ons bestemming dan word hierdie lewe ondraaglik. Dan lewe ons met angs en spanning. Dan dors ons na iets wat net buite bereik is. Maar sodra ons besef wat ons bestemming is - dat God ons bestemming is - dan val ons nie meer so baie vas in die verlede nie. Dan praat ons nie meer so baie van die goeie ou dae nie. Nee, dan is die lewe, ten spyte van swaarkry 'n loflied. Dan is more, ten spyte van onsekerheid, iets om na uit te sien.

Mag elkeen van ons vandag en more onthou dat Jesus vir ons wag. Hy gee vir ons water wat die lewe gee. Hy wag reeds vir ons. Hy is ons uitbestemming.

Amen